



## Boodskap van die Hoofbeampte

### Geagte lede



**Ilse Hartlief**  
Hoofbeampte

Die Fonds het 'n bedrywige jaar gehad. Ons het onder meer die Fonds se 35ste algemene jaarvergadering gehou, ons eerste werkswinkel oor lewende annuïteite binne die Fonds aangebied, ons ongeskiktheidsvoordele herstruktureer en byde die lid – en pensioenaristrusteeverkiesings afgehandel. In die voortsetting van ons vennootskap met jou om saam die pad na 'n gemaklike aftrede te loop, was die beste belang van ons lede nogmaals die belangrikste faktor by die neem van elke besluit.

Ek wil graag hierdie geleentheid benut om jou te bedank vir jou lojaliteit as lid van die LA Aftreefonds en jou aanmoedig om eienaarskap van jou aftreebeplanning te neem – **DIE MAG IS IN JOU HANDE!**

Mag jy 'n wonderlike wegbreekvakansie en gehaltetyd saam met jou geliefdes beleef. Ons sien daarna uit om in die nuwe jaar weer met jou te skakel.

## Voordelestaat

### *So, wat kan u doen om u lidandeel te verhoog en u pensioenbeplanningstatus te verbeter?*

Jou jaarlikse voordelestaat is stellig die belangrikste inligting wat jy elke jaar van die Fonds kry.

Jy moes hierdie staat onlangs ontvang het. Dit gee 'n aanduiding van jou aftreebeplanningsposisie. Ons wil jou sterk aanraai om tyd af te staan om jou staat deeglik deur te lees sodat jy verstaan waar jy staan ten opsigte van die verwesenliking van 'n gemaklike aftrede.

Langsaan sommige stappe wat jy kan doen om aftreebeplanning te verbeter:



Dit is ook 'n goeie geleentheid om jou sterfte- en ongeskiktheidsvoordele na te gaan en te hersien – soos omstandighede verander, verander behoeftes ook. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou geliefdes versorg sal wees indien jy iets sou oorkom.

Wees op die uitkyk vir ons eerste nuusbrieff van 2020 waarin ons jou sal herinner aan die verskeie opsies tot jou beskikking om hierdie voordele te hersien.

## Werk die besonderhede van jou genomineerde begunstigde(s) by

Om jou begunstigdes te nomineer en seker te maak hierdie besonderhede word gereeld bygewerk, is 'n belangrike deel van jou aftreereis. Vir die Fonds om 'n sterftevoordeel uit te betaal, moet ons seker maak dat al die mense wat van jou afhanklik is, oorweeg en beskerm word.

Die LA Aftreefonds se Raad van Trusteese sal probeer om elkeen te identifiseer wat van jou afhanklik was vir finansiële ondersteuning, of ten opsigte van wie jy 'n wetlike verantwoordelikheid vir sorg en ondersteuning gehad het.

Jy kan hierdie proses vergemaklik deur seker te maak dat jy begunstigdes nomineer en hul inligting bygewerk hou.

## Terugvoering oor lidverkiesings

Dankie aan diegene wat aan die benoemingsfase van die lidverkiesings deelgeneem het. Ons kan bevestig dat net een geldige benoeming ontvang is en ons dus die verkiesing kon afhandel sonder dat dit vir lede nodig was om te stem.

Ons is verheug om aan te kondig dat mnr. DL Carstens (die huidige voorsitter van die Raad) met ingang van 1 Januarie 2020 in sy pos herkies is vir 'n verdere termyn van vyf jaar.

Mnr. Carstens is sedert 2013 'n lid van die Raad en is op 1 Julie 2018 vir die eerste keer tot voorsitter verkies. Bo en behalwe sy uitgebreide ervaring as 'n trustee, kyk hy terug op 'n roemryke loopbaan van meer as 42 jaar by plaaslike regering. Op 30 November 2016 het hy by die Drakenstein Munisipaliteit afgetree. Sy laaste posisie was dié van ingenieur vir paaie en stormwater. Mnr. Carstens het provinsiaal en nasionaal verskeie posisies in die IMATU-vakbond beklee, en was president van die vakbond vanaf 2005 tot 2010. Bykomend tot IMATU het mnr. Carstens ook verskeie nasionale posisies in die Fedusa-vakbond beklee en hy was president van die organisasie vanaf 2008 tot 2011.

## Jaarlikse oorsig van versekerde voordele

Die Raad van Trusteese is verbind daartoe om seker te maak dat die versekerde voordele tot jou beskikking die maksimum waarde tot jou lewe voeg sonder om onbekostigbaar te wees. Ten einde dit te verseker, onderneem die Raad om jou Fondsvoordele gereeld onder oënskou te neem en veranderinge aan te bring waar hulle voel dat dit in jou beste belang is. 'n Oorsig van die hersiening van 1 Julie 2019 word verskaf – volle besonderhede is op die Fonds se webtuiste beskikbaar:

<b>Begrafnisdekking – uitstaande spaargeld</b>	Die begrafnisdekkingstariewe van al drie kategorieë is verminder en die opgehoopde spaargeld word nou by jou lidaandeel gevoeg sodat dit baie vinniger kan groei.
<b>Sterftevoordele – groot besparings</b>	Die tariewe vir die buigsame ouderdomsgebaseerde voordelestruktuur, wat op 1 Augustus 2017 geïmplementeer is, is met 5% verlaag. Dit is baie goeie nuus vir alle lede wat die sterftevoordeel gekies het aangesien die spaargeld wat reeds opgehoop het, nou by hul lidaandeel gevoeg word.
<b>Vrywillige kritieke-siektevoordeel – geen verhoging nie</b>	Daar was geen verandering aan die tariewe van al drie opsies wat vir lede beskikbaar is nie.
<b>Ongeskiktheidsinkomstevoordeel – herstrukturering van voordeel</b>	'n Toename in eise die afgelope twee jaar het daartoe gelei dat Momentum (die versekeraar van die voordeel) 'n onbekostigbare tariefverhoging ter tafel gelê het. Die Raad het besluit om die voordeel te herstruktureer, omdat dit die doeltreffendste manier was om kostes te bestuur en 'n verhoging van die tariewe te vermy. Alle lede het kommunikasiestukke ontvang wat spesifiek op hulle gerig is en aantoon hoe die veranderinge in die voordelestruktuur hulle raak.

# HOE OM 'N VAKANSIE TE BEPLAN WANNEER JY GRAAG CROISSANTS WIL EET, MAAR NET BROOD KAN BEKOSTIG

Jy werk hard en verdien om die vrugte van jou arbeid in die Desembervakansie te geniet. Beplan vooruit om seker te maak jy betaal nie die hele 2020 af aan jou 2019-vakansie nie. Hier is 'n paar wenke om te help verseker dat jy ná die vakansie steeds stres- en skuldvry is:

## HOE VROEËR...

Om vroeg met vakansiebeplanning te begin, beteken om beter transaksies te kan beding, soos goedkoper vlugte, goedkoper verblyf, ens.

## ELKE SENT TEL

Oorweeg dit om 'n spaarrekening vir vakansiespaargeld oop te maak en spaar elke ekstra sent wat jy het. Jy sal verbaas wees hoe vinnig dit groei!

## DAAGLIKSE BEGROTING

Stel 'n perk op daaglikse besteding om oorbesteding te voorkom. Maak ook seker dat jy nie angsbevange oor geld is terwyl jy eintlik veronderstel is om pret te hê nie.

## VERWAG DIE ONVERWAGTE

Maak altyd seker dat jy ekstra geld wegsit vir onvoorsiene uitgawes sodat jy nie tot lenings gedryf word wanneer onverwagte kostes opduik nie.

## GELD PRAAT

Wees realisties oor wat jy kan bekostig. Almal begeer 'n vakansie op 'n gondel in Venesië, en met die regte beplanning kan dit jou in die toekoms beskore wees, maar kies vir eers 'n bekostigbare bestemming.

## VRA DIE KENNERS

Reisagente is daar om jou te help om die beste transaksies te soek wat jou sak pas. Gebruik dus hul dienste.

**NOU IS DIT JOU BEURT, DEEL ASSEBLIEF JOU GUNSTELING SPAARWENKE VIR 'N BEKOSTIGBARE VAKANSIE MET ONS SO DOENDE KAN ONS BY MEKAAR LEER.**

**#STERKER SAAM**

